education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

MUSIEK

MODEL 2007

EKSAMENNOMMER / NAAM:

PUNTE: 125

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 1 rofwerk-bladsy.

Kopiereg voorbehou

LOS ASB HIERDIE BLADSY OOP

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A moet op hierdie vraestel met potlood beantwoord word.

3. AFDELING B moet in 'n antwoordeboek met ink (blou of swart) beantwoord word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Kandidate moet toegang tot 'n musiekinstrument hê om hierdie vraestel te voltooi.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die partituur van die opening van die tweede beweging van Haydn se *Strykkwartet, Op 74 nr. 3* en volg die instruksies:



1.1.1 Skryf mate 1 en 2 oor vir strykkwartet.



(6)

1.1.2 Jou eerste vioolspeler is in die hospitaal en moet vervang word met 'n klarinet in A. Skryf die eerste vier mate van die eerste vioolparty oor vir 'n klarinet in A. Gebruik geskikte toonsoorttekens met die uitgangspunt dat 'n klarinet in A 'n mineur terts laer klink as die geskrewe toonhoogte.



(5)

1.2 Beantwoord die vrae oor die volgende uittreksel uit *Fairest Isle*:



1.2.1 Skryf die ritmepatroon van die stemparty in mate 5 en 6 oor in saamgestelde drieslagmaat. Maak seker dat die klankritme nie verander nie.



(3)

1.2.2 Skryf die note in die begeleiding van maat 8 oor met korrekte groepering:



(2)

1.2.3 Skryf die notasie van die begeleiding in maat 3 in Franse tydname oor:

BOONSTE STEM _____

MIDDELSTE STEM _____

LAAGSTE STEM _____ (3)

[19]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die volgende uittreksel uit *Ländler* van Beethoven, en beantwoord die vrae wat volg:



2.1.1 Skryf die linkerhandparty in maat 2 in die altsleutel oor in uitgebreide posisie sonder toonsoortteken:



(3)

2.1.2 Noem die intervalle gemerk 1 – 3 volledig, byvoorbeeld mineur 2de (sekunde), ensovoorts.

(1) _____

(2) _____

(3) _____

(3)

2.1.3 Skryf en benoem die omkerings van die intervalle in VRAAG 2.1.2 in heelnote sonder toonsoorttekens:

1.

2. 



3. 

(3)

2.1.4 Identifiseer en merk TWEE plekke op die partituur waar 'n volledige D-majeurtoonleer voorkom. (2)

2.2 Skryf die volgende toonlere:

2.2.1 G melodiese mineur afgaande met toonsoortteken (3)



2.2.2. Die opgaande blues-toonleer wat op E begin sonder toonsoort-teken in saamgestelde tweeslagmaat



(3)
[17]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende musiekuittreksel en volg die instruksies:



3.1.1 Benoem die toonsoort: _____ (1)

3.1.2 Noem en besyfer die kadense gemerk (a) en (b) op die partituur. (2)

3.1.3 Besyfer die aangeduide akkoorde (c), (d), (e), (f) en (g) op die partituur. (5)

3.2 Skryf die volgende drieklanke (akkoorde) sonder toonsoorttekens:

3.2.1 Dominantdrieklank in tweede omkering in A^b-majeur. Gebruik die G-sleutel. (2)

3.2.2 Vergrote drieklank in eerste omkering in E-mineur. Gebruik die bassleutel. (2)



3.3 Harmoniseer die volgende melodie. Gebruik 'n onderbroke kadens aan die einde. (12)



[24]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

Beantwoord hierdie afdeling in die antwoordeboek.

VRAAG 4

Jy is die seremoniemeester by 'n Barokaand van die ouervereniging. Verskaf kortliks agtergrondinligting oor enige VIER van die volgende genres:

4.1	Barok	(4)
4.2	Concerto Grosso	(4)
4.3	Suite	(4)
4.4	Prelude en Fuga	(4)
4.5	Sonate	(4)
4.6	Kantate	(4)
4.7	Oratorium	(4)
		[16]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte titel of komponis uit die onderstaande lys om VIER van die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer in jou antwoordeboek neer. (4)

Beethoven; Mozart; klavier; strykorkes; solo; verrassing

5.1.1 ... het die *Pathétique Klaviersonate in C-mineur* gekomponeer. (1)

5.1.2 Die *Simfonie nr. 94 in G majeur* deur Haydn staan ook as die ... bekend. (1)

5.1.3 Mozart het *Eine Kleine Nachtmusik* vir 'n ... gekomponeer. (1)

5.1.4 *Don Giovanni* is 'n opera deur ... gekomponeer. (1)

5.1.5 In die *Trompetkonsert in E^b-majeur* deur Haydn word die ... gedeelte deur 'n trompet gespeel. (1)

5.2 Beantwoord DRIE van die volgende vrae deur aan te dui of die stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

5.2.1 Sonatevorm word ook soms 'eerstebewegingvorm' genoem. (1)

5.2.2 'n Klassieke simfonie word normaalweg net met slaginstrumente uitgevoer. (1)

5.2.3 Kwartette, trio's, kwintette en sekstette is almal kamermusiek-werke. (1)

5.2.4 'n Opera is op 'n gewyde teks gebaseer. (1)

5.3 Beskryf die EEN van die klassieke genres wat jy bestudeer het. Verwys na 'n verteenwoordigende komponis en werk. Verskaf historiese agtergrond en lewer kommentaar op die gebruik van vorm. (8)

VRAAG 6

6.1 Pas TWEE kunstenaars in KOLOM B by TWEE style in KOLOM A. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

	KOLOM A	**KOLOM B**
6.1.1	Punk rock	Donna Summer
6.1.2	Glam rock	Eminem
6.1.3	Disco	ABBA
6.1.4	Euro pop	Madonna
6.1.5	Pop-musiek	Pink Floyd
6.1.6	Progressive rock	David Bowie
6.1.7	Hip-hop	Queen
6.1.8	Operatic early rock	Sex Pistols

(2)

6.2 Gee 'n kort beskrywing van ALBEI die populêre musiekstyle wat jy bestudeer het. Gee EEN voorbeeld van 'n verteenwoordigende album vir elke styl. (10)
[12]

VRAAG 7

Definieer die styl en noem VIER kenmerke van die musiek wat deur EEN van die volgende Suid-Afrikaanse kunstenaars beoefen word:

Abdullah Ibrahim; Johnny Clegg; Brenda Fassie; Mango Groove.

Noem TWEE van hulle verteenwoordigende solotreffers of albums. **[7]**

Beantwoord óf VRAAG 8 óf VRAAG 9.

VRAAG 8

Jy word versoek om 'n artikel vir jou skoolkoerant oor die Suid-Afrikaanse musiekgenre wat jy bestudeer het, te skryf. Skryf hierdie artikel en sluit name van kunstenaars/ komponiste en hul komposisies in, asook ander interessante feite. **[10]**

OF

VRAAG 9

Jou skool gaan 'n musiekaand hou wat uitsluitlik op die werke van die Suid-Afrikaanse komponis wat jy bestudeer het, gaan fokus. Jy is gevra om die programnotas op te stel waarin biografiese besonderhede en ander interessante feite van die werke wat uitgevoer gaan word, vervat sal wees. Skryf jou programnotas neer. **[10]**

VRAAG 10

Jy is 'n komponis. Jy het gehoor dat een van jou komposisies by 'n konsert uitgevoer gaan word. Hulle het geen uitvoeringsregte betaal nie. Jy daag by die konsert op en moet 'n toegangsfooi betaal.

Lewer kommentaar op die etiek van hierdie situasie. Watter reëlings moes vooraf getref gewees het in verband met die uitvoeringsregte? **[5]**

TOTAAL AFDELING B: 65

GROOTTOTAAL: 125

Kopiereg voorbehou